

Ons Haantjie

Nr 142

Mei 2020

Nuusbrief van die Peter Henrich Henning Familielond

Wingerd 205
Theewaterskloof Landgoed
Villiersdorp

Posbus 121
Villiersdorp
6848

Tel: 028 840 0113 www.henning.org E-pos: olie4@henning.org
Verskyn vier keer per jaar: Februarie, Mei, Augustus en November

St Helena pyp



Die pypkop wat Pieter Hendrik Henning, gebore 30-7-1840 (a2.b1.c6.d3.) as 'n krygsgevangene op St Helena gemaak het. Hy is deur die Britse magte krygsgevangene geneem na die geveg by die Aliwal-Noord brug, toe sy perd deur skrapnel in die hoof getref is, maar sy seun Cornelis Belsazar hom gered het. Hy het die pyp later vir hierdie seun gegee. Daarna is die pyp van een geslag na die ander oorgedra

a2.b1.c6.d3.e11.f3.g3. Petrus (Noemnaam Pierre) Henning *17-6-1950 van Pringlebaai het vir ons laat weet dat hy 'n pyp wat aan sy oupa behoort het, maar wat jare lank vermis was, teruggevind het. Pierre skryf die volgende:

"Hierdie arend-poot pyp van my oupa was vir 5 jaar weg. Ek het dit vanoggend gekry in 'n kamerasak wat ek in Durban verpak het toe ons Pringlebaai toe getrek het. Ek is uiters,

uiters verlig want ek het gedink dit was gesteel tydens die trek".

"My oupa, Cornelis Belsazar Henning *17-1-1886 het dit gekerf op St Helena. Volgens my pa het dit 'n lang steel gehad sodat my oupa die pyp op sy knie kon neersit en rook. Die voetstukkie onder is eintlik 'n perdehoef".

"Die pyp het vir ons besondere waarde aangesien my oupa dit sou moes saamdra toe hy geloop het vanaf

Jamestown in die Oos-Kaap Zastron-toe, na die oorlog verby was. Natuurlik moes die pyp hom heeltyd vergesel en geselskap hou”.

“Toe ek nog gerook het, so 30 jaar gelede, het ek eendag die pyp gerook. Ek het vrot siek geword en het amper in die hospitaal beland. ‘Sien jy nou wat gebeur as kinders met die ou mense se goed lol’, het my pa destyds vir my gesê.”

“Onder aan die pyp is gekerf : St Helena 1902”

Pierre se brief het Bondsekretaris, Olivier Henning bietjie laat kopkrap. Eerstens kon hierdie pyp ‘n waardevolle toevoeging tot ons virtuele Henning museum word, maar die storie dat sy oupa op St Helena krygsgevangene gehou is, het nie geklop nie.

a2.b1.c6.d3.e11. Cornelis Belsazar Henning *17-1-1886 was nog nie eens veertien jaar oud toe die Anglo Boereoorlog uitgebreek het. Toe sy pa, Pieter Hendrik Henning *30-7-1840 by die Rouxville Kommando aansluit, het die veertienjarige Cornelis sy pa vergesel, hoewel sy naam nie in die kommandolyste opgeneem is nie.

Daar is egter stawende bewyse — briewe deur die Adjudant van die Rouxville Kommando en ‘n burger P W Vogel — dat hy aan die slag by die Aliwal-Noord brug op 10 Maart 1900 deelgeneem en deur skrapnel verwond is. Hy is deur die Britse magte gevang en na Jamestown gestuur om daar opgesluit te word. Hy is nie na een van die buitelandse krygsgevangenekampe gedeporteer nie.

Na die oorlog moes hy te voet vanaf Jamestown terugstap na hulle plaas, Palmietfontein in die Rouxville/Zastron distrik. Die wondmerk aan sy linkerslaap was tot sy dood duidelik



a2.b1.c6.d3.e11 Cornelis Belsazar Henning *17-1-1886 wat as ‘n 14-jarige seun tydens die slag by die Aliwal-Noordbrug verwond, krygsgevangene geneem en te Jamestown aangehou is

sigbaar. Hy kon dus nie die pyp op St Helena gemaak het nie.

En nou kom die kinkel in die kabel. Daar was twee Hennings met voorname Pieter Hendrik wat op St Helena aangehou is. a2.b5.c5.d5 Pieter Hendrik Henning *14-7-1845 en ‘n Pieter Hendrik Henning wat ek destyds as a2.b1.c6.d2.e4. Pieter Hendrik Henning *9-9-1873 identifiseer het — die seun van Pieter Hendrik Henning *30-7-1840 se broer wat ook in die Rouxville distrik gebouer het! Na ernstige oordenkings en herbestudering van bron dokumente het ek egter tot die gevolgtrekking gekom dat dit net so maklik Pieter Hendrik

Henning * 30-7-1840 kon gewees het.
En dit maak sin!



A2.b1.c6.d3. Pieter Hendrik
Henning *30-7-1840 wat na die slag
by die Aliwal-Noordbrug
krygsgevangene geneem en te St
Helena aangehou is. Hy het hierdie
pyp op die eiland uitgekerf

Die inskripsie op die pyp oortuig my dat dit wel op die eiland gemaak is. Hoe anders sou dit in die besit van Cornelis Belsazar gekom het — sy pa het die pyp gemaak en het dit later vir sy seun Cornelis gegee!

Tydens my korrespondensie met Pierre oor hierdie pyp, het Pierre verder die volgende vertel:

“Ek onthou toe ons as kinders saam met my pa oor die Aliwal-Noord brug gery het, dat hy vertel het van die geveg aan die Vrystaatkant van hierdie brug. My pa se weergawe was dat die boere by die Aliwal-Noordbrug teruggeval het

en my oupa-grootjie se perd deur 'n kartets in die hoof getref was. My oupa het toe teruggejaag en hom ook op sy perd gelaai en hom sodoende gered”.

“Ek het ook by geleentheid, as kind die vervalle plaasopstal Palmietfontein saam met my pa en ouma besoek. Dis omtrent halfpad tussen Zaaron en Rouxville. My ouma was in trane. Ek onthou jare later het sy vir my vertel dat sy tydens hulle aanhouding in die Aliwal konsentrasiekamp 'n eed geneem het om nooit weer 'n brood op sy kant of onderste-bo neer te sit nie — uit respek vir kos omdat hulle so honger gely het.”
“Wat die pyp betref - dit sou nogal besonder wees as dit wel my oupa-grootjie s'n was.”

Hierdie is nog 'n nuwe bousteentjie in die Henning geskiedenis en die twee foto's van die pyp wat a2.b1.c6.d3. Pieter Hendrik Henning *30-7-1840 op St Helena gemaak het, sal binnekort by die Henning Virtuele Museum ingesluit word.

Geskiedenis van 'n Henning digter

Dit het toevallig so uitgewerk dat ons die verhaal van a2.b1.c6.d3.e11.f3. Francois De la Rey Henning, gebore 8 Desember 1914 en sy familie in dieselfde nuusbrief hanteer as die verhaal van die St Helena pyp van sy pa, Cornelis Belsazar Henning.

Frans is gebore op die plaas Swartfontein in die Zastrandistrik. Toe hy 14 jaar oud was, is sy pa oorlede op die diamantvelde van Lichtenburg. As gevolg van sy pa se afsterwe het Frans in 'n weeshuis beland waar hy bitter swaar gekry het. Maar hy het gedroom dat hy eendag 'n groot skrywer sal word.



a2.b1.c6.d3.e11.f3. Francois De la Rey Henning *8-12-1914 wat gedroom het om 'n digter te word

Nadat hy die skool verlaat het, na hy net standerd 8 geslaag het, het hy onder andere vir die SA Polisie gewerk en begin poësie skryf. 'n Hele paar van sy gedigte het destyds in Die Brandwag verskyn.

As gevolge hiervan is hy deur Olaf Andresen (die komponis van "Die Heidelied" en "My Hart Verlang Na Die Boland") genader om die lirieke vir Andresen se nuwe komposisies te skryf. Dit het geleid tot 'n lang vriendskap met Andresen. 'n Paar van hulle liedjies is wel gepubliseer, soos "Die Poskoets" (gesing deur Amanda Hall) wat mens gereeld in die SAUK se uitsendings gehoor het. Daar was ook ander komposisies, soos "Die Windjie Is Ek" wat vandag in vergetelheid verval het.

Op 2 November 1943 trou Frans in Johannesburg met Aletta Elizabeth van

der Walt. Sy is op 27 Augustus 1921 te Winburg gebore.

Frans was altyd 'n vurige Afrikaner en was tydens die tweede wêreldoorlog 'n aktiewe lid en offisier in die Ossewa Brandwag. Hier het hy advokaat B.J. Vorster ontmoet wat later President van SA geword het. Hy het 'n briefwisseling met Vorster begin en van die brieue het in die hande van die destydse Sapperegering beland. Beide hy en Vorster is vir 'n tyd lank geïnterneer in Koffiefontein terwyl die regering hulle aktiwiteite ondersoek het. Frans is na 'n kort tydjie vrygestel toe daar geen klagtes teen hom gebring kon word nie.

Hy het vir die grootste deel van sy lewe gewerk as proefleser by verskeie koerante (soos Dagbreek en Sondagnuus) en uitgewers, waarskynlik omdat die Afrikaanse taal altyd sy sterk punt was. Hy kon elke Afrikaanse woord in die woordeboek foutloos spel. Maar Frans het 'n ander droom gehad: Om terug te keer na Zastron, waar so baie Hennings diep wortels het, en 'n suksesvolle boerdery te begin.

In 1959 het hy 'n plasie op die oewer van die Oranjerivier naby Zastron gekoop. Sy basiese plan was goed: Om lusernlanderye aan te plant wat hy sou besproei uit die Oranje. Mits jy goeie besproeiing het, kan jy 'n redelike lewe maak uit lusern — selfs op 'n relatiewe klein plasie.

Sy probleem was onvoldoende kapitaal. Hy kon nooit die nodige pompe en masjienerie bekostig om sy droom te verwesentlik nie.

In 1962 het sy poging misluk en het hy teruggetrek stad toe. Min of meer hierdie tyd is hy van sy eerste vrou geskei. In 1970 trou hy met sy tweede vrou, Maria Elizabeth Buys.

Kroonstad Konsentra-siekampkerkhof

Ons het onlangs die skokkende nuus verneem dat een van die mees geskiedkundige begraafplase in Suid-Afrika - die Anglo-Boereoorlog Konsentrasiekampkerkhof by Kroonstad - deur rioolwater oorstroom word. Die munisipaliteit het 'n pyp tot teenaan die kerkhof aangelê wat riool- en afvalwater wegvoer, maar versuim om dié pyp aan die netwerk te koppel.

Daar is meer as 2 000 vrouens, kinders en bejaarde mans waarvan drie Henning kindertjies, in hierdie begraafplaas begrawe.

Die FAK (Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge), met die hulp van Afriforum is besig om 'n plan te maak om die kerkhof te beveiligt. Finansiële



So lyk die kerkhof in Kroonstad waar meer as 2 000 vrouens en kinders, waaronder drie Henning kindertjies, wat in die plaaslike konsentrasiekamp dood is, begrawe lê, na die rioletorting

hulp van die publiek is dringend nodig.

Die Henning Familiebond neem graag deel aan projekte wat ons erfenis ook aanraak. Die Konsentrasiekamp Gedenkteken en die Gedenkmuur van gesneuwelde burgers by die Oorlogsmuseum van die Boere-republieke in Bloemfontein, die verskuiwing van die Andries Pretorius monument in Graaff-Reinet en die restourasie van die Bethulie Konsentrasiekamp Gedenkteken is voorbeeldle waar die Henning Familiebond bydraes gelewer het.

Ongelukkig is ons finansiële situasie tans nie goed genoeg om ook hier 'n bydrae te lewer nie. Ons het dus 'n beroep op almal wat die Haantjie ontvang, gedoen, om te oorweeg om 'n bydrae te lewer tot hierdie projek.



Die begraafplaas in Kroonstad toe dit in September 2019 deur vrywilligers opgeknap is

Die drie Henning kindertjies wat in die Kroonstad Konsentrasiekamp gesterf het, was:

> a2.b6.c4.d3.e3.f3. Susara Wilhelmina Henning *Klipfontein, Heilbron 1894, †Kroonstad Konsentrasiekamp 30-10-1901 (witseerkeel)

> a2.b9.c1.d2.e1.f3. Pieter Hendrik Henning *Slangfontein, Heidelberg, Tvl, Februarie 1898, †Kroonstad Konsentrasiekamp 16-8-1901 (bronchiale longontsteking)

> a2.b9.c1.d2.e4.f1. Pieter Hendrik Henning *Tamboekiesfontein,

Heidelberg, Tvl, Mei 1898, †Kroonstad Konsentrasiekamp 3-8-1901 (Masels)

Ons doen graag 'n beroep op lede van die Henning familie, wat graag 'n bydrae sal wil lewer om direk met die FAK te skakel. U kan die woord KROONSTAD plus u naam SMS na 45730 (R1.50 per SMS), waarna iemand van die FAK u sal kontak.

U kan ook na die Internetskakel <https://bit.ly/3c8vOgv> gaan kyk.

Spaanse Griepepidemie 1918

Sedert Februarie 2020 is die hele wêreld in rep en roer oor die Corona virus – Covid-19 wat wêreldwyd uitgebreek het. Gelukkig het die owerhede in Suid-Afrika vinnig noodmaatreëls ingestel om die virus te bekamp.

Dit laat mens dink aan die groot Spaanse griepepidemie van 1918 wat die grootste en ergste natuurramp was wat Suid-Afrika nog ooit getref het, en wat net deur die nagevolge van die Anglo-Boereoorlog, wat nie 'n natuurramp was nie, oortref word.

Daarby is die land erger geraak as die meeste ander lande. Dit het 'n onuitwisbare invloed gehad op die demografiese, sosiale, ekonomiese, mediese, kulturele, sielkundige en kerklike karakter van die hele Afrika suid van die Sahara vir ten minste een geslag.

Met hierdie artikel probeer ons wys op die invloed wat hierdie epidemie op die Henning families van Suid-Afrika gehad het.

Henning is een van die kleiner vanne in Suid-Afrika, maar ons het rekord van minstens 24 Hennings en aangetrouedes wat in 1918 tydens die Griepepidemie gesterf het. Ons is oortuig dat daar meer Hennings gesterf het, maar dat ons net nie besonderhede van die ander sterftes het nie.

Na skatting was daar op daardie stadium net meer as 1 000 Hennings in Suid-Afrika.

Dit nadat ongeveer 70 Henning vrouens, kinders en bejaarde mans in konsentrasiekampe en 6 mans op die slagveld en in krygsgevangenekampe gedurende die Anglo-Boereoorlog gesterf het.

Tydens die Eerste Wêreldoorlog isveral Durban en Kaapstad druk deur skepe besoek. Verskeie troepeskepe met soldate wat die griep onderlede gehad het, het by die hawens aangedoen. Weens die moderne vervoernetwerk wat ontwikkel het danksy die mynbedryf, het die griep vinnig na die binneland versprei.

Vir die pas gevormde Unie van Suid-Afrika het die Spaanse griep op 'n besonder ongunstige tydstip gekom. Dit was oorlogstyd en boonop maar kort na die Anglo-Boereoorlog met sy konsentrasiekampe. Daarby het nog die insaking van die ekonomie weens die heersende oorlog gekom, die kwaai droogte van 1914–1916, gevolg deur die vloede van 1916 en 1917.

Baie Suid-Afrikaanse soldate het oorsee geveg en is vergesel deur mediese personeel. Dus was daar baie minder dokters en ander gesondheidswerkers in die land beskikbaar. Uit vrees vir die siekte het baie trekarbeiders terug na hul gebiede van herkoms gevlug en so die siekte daarheen versprei.

Meer as 2% van die hele bevolking van Suid-Afrika het binne ses maande aan die Spaanse griep gesterf. Binne die 7 weke van September–Oktober 1918 sterf in Suid-Afrika amptelik 140 000 en is 2,6 miljoen mense siek aan die griep uit 'n bevolking van 6 miljoen. Die persentasie landwye sterftes van 2.33% korreleer met die 2.4% van die Hennings wat gesterf het.

Hierdie syfers is egter almal beramings, want in die Unie van Suid-Afrika, is daar van geboorte en sterfgevalle nog nie altyd noukeurig boekgehou nie. En veral nie in die landelike gebiede nie.

Baie sterfgevalle in daardie tyd was boonop nie weens die griepe nie, maar weens die gevolglike longontsteking. Mediese antibiotika was daardie dae nog nie beskikbaar nie. Die kwesbaarste groep mense was tussen die ouderdomme van 25 en 45 jaar. Dus huisie die kern van die ekonomies-aktiewe groep in die gemeenskap. Daar was amper geen dorp sonder slagoffers nie.



Oral ter wêreld – ook in Suid-Afrika – is openbare geboue, skoolsale en klaskamenrs as hospitaalsale ingerig om die siekte te behandel

Die land het byna tot stilstand gekom. Weens die groot aantal siek werkers moes baie dienste ingekort en selfs opgeskort word. Fabriek, myne en die howe het gesluit. Winkels was leeg en voor apteke het lang rye mense gestaan. Treine het minder en met vertragings geloop. Motors het bly staan weens petroltekte. Die heropening van die skole vir die vierde kwartaal is uitgestel. Strate was verlate. Sopkombuise is ingerig. Huise is ontsmet, militêre hospitale is vir burgerlikes oopgestel en noodhospitale is in klaskamers en skoolsale ingerig. Lyke het op sypaadjies gelê om afgehaal te word, want die lykhuisie was oorvol. Vir duisende weeskinders moes 'n heenkom gesoek word. Kerke het 'n groot rol in noodverligting gespeel.

Gedurende daardie dae was die oorgrootte meerderheid Hennings brandarm weens al die rampe wat hulle opeenvolgend getref het. Daar kan sekerlik gesê word dat ons mense net so arm (of selfs armer) was as die mense wat in vandag se plakkarskampe woon.

Hulle het egter 'n lewensfilosofie, gebaseer op die volgende beginsels nagestreef om die impak van al hierdie rampe te oorkom:

1. Etiek, as basiese beginsel.
2. Integriteit.
3. Verantwoordelikheid.
4. Respek vir wette en regulasies.
5. Respek vir mekaar.
6. Liefde vir werk.
7. 'n Poging om te spaar en te investeer.
8. Die wil om produktief te wees.
9. Stiptelikheid.

Hierdie lewensbeginsels het ons voorsate oor honderde jare aangeleer.

As hierdie beginsels ook nou met die Covid-19 epidemie deur die hele bevolking gehandhaaf word, sal Suid-Afrika suksesvol deur hierdie nuwe epidemie kom. Ons weet egter nie of tyd aan Suid-Afrika se kant is nie.

Hier volg 'n lys van Hennings wat in 1918 tydens die Spaanse Griepepidemie gesterf het:

- Andrisina Getruida Coetze (getroud Henning) *Junie 1886 te Burgersdorp, † Oudefontein, Burgersdorp 27-11-1918 – **32 jaar**, V/v a2 b6.c1.d3.e5.f1. Joseph Jooste Henning
- Cornelis Rudolf Henning (a2.b6.c3.d11) *28-1-1847 te Kalkoenkrans, distr Albert (Burgersdorp), † Mellville, Johannesburg 9-10-1918 – **71 jaar**
- Daniël Joachim Jacobus Henning (a2.b5.c1.d3.e1.f10) *15-2-1894, † Boschfontein, Vrede 16-11-1918 – **24 jaar en sy vrou**

- Magdalena Carolina Henning (gebore Cilliers) † Boschfontein, Vrede 13-11-1918. Hulle het geen kinders gehad nie.
- Dorothea Maria Engelbrecht (gebore Henning) (a2.b7.c1.d1.) *23-10-1831, † Hekpoort 13-3-1918 – **86 jaar**. V/v Paul Bester Engelbrecht
 - Elsie Magrieta Bouwer (gebore Henning) (a2.b6.c4.d3.e1.f5.) * Burgersdorp 1880, † Steynskraal, Heidelberg T 1-12-1918 – **38 jaar**, V/v Petrus Frederik Bouwer
 - Gerhardus Francois Henning (a2.b7.c5.d1.e1) *Ezelshoek, Middelburg K 16-6-1878, † Middelburg 1-11-1918 – **40 jaar en sy oudste twee kinders**
 - Aletta Catharina *27-6-1901. Ongelukkig het ons nie volle besonderhede van haar dood nie – **17 jaar**
 - Gerhardus Francois Henning *1-1-1903, † 9-11-1918 – **15 jaar**
 - Hermanus Marthinus Henning (a2.b6.c3.d2.e6.) *Rietkuil, Burgersdorp 15-2-1871, † Leeufontein, Burgersdorp 5-11-1918 – **47 jaar**
 - Hermina Frederika Jacomina Henning (gebore Botha) *Queenstown 1-6-1888, † Queenstown 20-10-1918 – **30 jaar**, V/v a2.b7.c1.d10.e4. Douw Gerbrand Henning
 - Jacob Adriaan Rudgaard Herbst *Ventersdorp 2-10-1889, † 1918 – **29 jaar**, man van a2.b5.c4.d4.e10. Marthina Jacoba Alida Johanna Henning
 - Jacobus Christoffel Henning (a2.b1.c6.d2.e7.) * Zastron 1887, † Wepener 20-11-1918 – **31 jaar**
 - JanAdriaan Henning (a2.b6.c4.d3.e6.f2.) *1899, † Inyanga, Rhodesië 1918 – **19 jaar**. S/v Jan Adriaan Henning en sy vrou Catharina Elizabeth Loretta De Waal. Sy ouers en al hulle kinders het in 1913 na Rhodesië verhuis, waar sy pa op 'n plaas, Aberdeen farm in die Inyanga distrik boer en waar hy ongetroud oorlede is
 - Johanna Carolina Henning (gebore Lambinon) *Burgersdorp Junie 1855, † Forest Hill, Johannesburg 10-7-1918 – **63 jaar**, V/v a2.b6.c4.d7. Frederik Henning *17-7-1855
 - Johannes Benjamin Frans Henning (a2.b7.c2.d4.) *Driefontein, Aliwal-Noord 22-2-1847, † Leeuwnek, Wodehouse 29-11-1918 – **71 jaar**
 - Maria Catharina Henning (a2.b1.c6.d3.e12) *Palmietfontein, Rouxville 1887, † Rouxville 31-10-1918 – **31 jaar**, ongetrouw, D/v Johannes Stephanus Henning en sy vrou Maartjie Elizabeth Jacoba (gebore Naude)
 - Maria Susanna Adriana Henning (gebore Strydom) *Dordrecht 1-5-1884, † Klipkop, Wodehouse 3-1-1918 – **34 jaar**, V/v a2.b7.c2.d4.e10. Gert Frans Johannes Henning *1-10-1882
 - Olivier Johannes Henning (a2.b7.c8.d8) * Damfontein, Aliwal-Noord 11-9-1869, † Damfontein, Aliwal-Noord 28-10-1918 – **49 jaar**
 - PieterHendrik Henning(a2.b6.c1.d5.e1.f3) *Dordrecht 13-5-1874, † Bloemfontein 20-10-1918 – **44 jaar**
 - Pieter Josua Hattingh *Burgersdorp 18-7-1886, † Burgersdorp 20-10-1918 – **32 jaar**, M/v a2.b6.c3.d3.e5.f1. Petronella Henning *26-6-1890
 - Theodorus Erns Cornelis Henning (a2.b1.c6.d6.e9) *Houtkop, Rouxville 11-1-1887, † 1918 – **31 jaar**
 - Willem Frederik Henning (a2.b6.c3.d11.e8) *Burgersdorp 12-9-1881, † Johannesburg 1918 – **37 jaar**
 - William Alfred Taylor *Port Alfred Jun 1883, † Sterkstroom 7-10-1918, **35 jaar**, M/v a2.b7.c1.d10.e5. Alida Hendrina Margretha Hennin

Nuwe Henning Babas

Die plaas Leeufontein in die Burgersdorpdistrik in die Noord-Oos Kaap is een van die oudste Henning plase in Suid-Afrika. 'n Henning familie boer onafgebroke sedert 1832 op hierdie plaas (wat aanvanklik deel van die plaas Karelkroon was). Die eerste eienaar van Karelkroon was a2.b6.c3. Johannes Christiaan Henning * 6-6-1806 en sy vrou Anna Maria (gebore Venter). Die plaas is daarna in twee verdeel – Leeufontein en Addon en Johannes Christiaan Henning se kleinseun, Hermanus Marthinus *15-2-1871 het op Leeufontein begin boer. Die huidige eienaar van Leeufontein is a2.b6.c3.d2.e6.f1.g2.h1. Willem Frederik Henning *1-4-1958 (Willie) en sy vrou Gertruida Margaretha (gebore van den Berg) (Gerda).

Willie en Gerda is natuurlik die enigste Henning egpaar in die geskiedenis van die Henning families van Suid-Afrika wat 'n drieling gehad het: Hermanus Marthinus (Herman), Anelmé en Elseri. Hulle is op 28 Maart 1988 gebore (Willie en Gerda het gedurende die eerste langnaweek in Oktober 1988 te Aliwal-Noord gehou is, hulle drieling vir ons kom wys).

Al drie hierdie spesiale kinders het na matriek aan die PUK kampus van die NW Universiteit op Potchefstroom studeer en daarna getrou. Al drie het oor die afgelope paar maande 'n baba ryker geword.

Herman en sy vroutie, Magdelie (gebore Buyskes) se jongste genaamd Lily Magdalena is op 14 Februarie 2020 gebore. Hulle het reeds 'n seuntjie met noemnaam Frederik, wat na sy oupa,

Willem Frederik vernoem is. Herman en Magdelie woon ook op Leeufontein, waar Herman saam met sy pa boer.


Willie en Gerda se dogter, Anelmé en haar man, Hendrik Welman, wat in Randburg woon het 'n dogtertjie Suné wat op 22 Maart 2018 gebore is. Sy verwag nou ook 'n seuntjie. Haar datum is moontlik 30 April.

Willie en Gerda se ander dogter, Elseri en haar man, Johan Myburgh woon in Durbanville. Hulle derde kleinding, 'n seuntjie met naam Jandré is op 9 April 2020 gebore. Hulle het reeds 'n dogtertjie, Zanel, gebore 26 Mei 2015 en 'n seuntjie, Wihan, wat op 10 Mei 2017 gebore is. 'n Foto van baba Jandré verskyn hier onder

Op die foto's op die volgende bladsy let gerus op hoe baie Elseri se seuntjie, Wihan lyk na haar broer Herman se seuntjie, Frederik en hoe haar dogtertjie, Zanel lyk na haar suster, Anelmi se dogtertjie Suné.



Jandré Myburgh * 9 April 2020



Links bo: Hendrik en Anelmi Welman met hulle dogtertjie, Suné. Hulle verwag ongeveer 30 April 2020 'n seuntjie. Regs bo: Johan en Elseri Myburgh met hul eerste twee kinders, Zanel en Wihan. Links: Herman Henning en sy vrou Magdelie (gebore Buyskes) en hul twee kinders, Frederik en Lily Magdalena wat op 14 Februarie 2020 gebore is

Spekboom planters

Die dagblad, Beeld het onlangs 'n artikel oor die kinders van a2.b5.c1.d3.e6.f2.g3.h3.i1. Eugene Karel Henning *2-2-1972 en sy vrou, Patricia Christine van Rietfontein, Pretoria gedra. Ons gebruik die volledige artikel sonder wysigings.

'n Groep boeties en 'n sussie van die Pretoriase Moot het die afgelope jaar

sowat duisend spekbome geplant in 'n poging om die lug in dié voorstad 'n bietjie skoner te maak.

"Daar is 'n gesegde wat sê dat die beste tyd om 'n boom te plant was 20-jaar gelede, maar die tweede beste tyd is vandag," sê Karicia-Louise Henning (14).

Sy is die enigste sussie tussen haar vier boeties: Josef (12), Wilhelm (10), Benjamin (8) en Simon (7). Die vyf sibbes het verlede jaar begin om dié boompies te plant wat nou

in onder meer woonstelkomplekse en huise se tuine staan.



Vanjaar wil hulle minstens 2 000 bome plant en hulle het reeds 600 van dié boompies in hul tuin. Ná elke skooldag gaan plant dié vyf saam boompies in sakke en houers.

Vanjaar wil die kinders veral skole en ondernemings uitdaag om soveel moontlik spekbome te plant.

“Ons wil kyk of elke skool in Pretoria op 1 September vanjaar bome kan plant,” sê hul ma Christine.

Klein Benjamin is ook entoesiasties oor bome plant. Hy vertel die mense en bome het mekaar nodig. *“As daar nie mense is nie, kan die bome nie lewe nie, want hulle het ons asem nodig. Maar mense kan ook nie lewe sonder die bome wat vir ons lug maak nie,”* vertel hy opgewonde.

Josef verduidelik die gesin het met sewe boompies begin waarna hulle steggies begin maak het.

“Ons druk die steggies, wat omtrent 8 cm lank is, in eierhouers sodat hulle nuwe wortels kan maak.”

Die kinders verkoop dit teen R100.00 vir drie spekbome.

Met dié geld koop hulle grond en sakkies om meer bome te plant.

Die wins word gebruik om hulle buitemuurse aktiwiteite, soos musieklesse te betaal.

Suid-Afrikaners het onlangs baie belangstelling begin toon in spekbome na verskeie mediaberigte wat beweer dat dié plant meer koolstofdioksied uit die lug verwyder as ander plante.

a2.b5.c1.d3.e6.f2.g3.h3.i1 Eugene Karel Henning *2-2-1972 en sy vrou, Patricia Christine en hul vyf kinders wat saam sakgeld verdien deur spekbome te kweek en te verkoop: Karicia-Louise (14), Josef (12), Wilhelm (10), Benjamin (8) en Simon (7)

’n Tranedal.

Dís hoe Dwayne Henning (26) van KwaZulu-Natal die oomblik beskryf toe hy vir die eerste keer in vyf en twintig jaar die stem van sy ma hoor – dit nadat ’n groep weldoeners die jong man gehelp het in die jare lange soektog na sy ma.

Sosialemediabruikers was in Mei verlede jaar ontroer ná ’n inskrywing op Facebook waarin hy vertel van die soektog na sy ma wat ná jare geen vrugte afgewer普 het nie.

Daarin skryf Dwayne: ‘Ek is op soek na my ma. Ek en my sussie was ’n paar maande oud toe my ma en pa geskei het. My ma se naam is Elaine Lamont. (**Bondsekr - Elaine Lamont, getroud Henning *28-3-1969**) Ek weet nie hoe my ma lyk nie, en ek weet nie waar sy presies is nie. Miskien in die Kaap –

dit het ek laaste gehoor. Ek wil graag my ma ontmoet en beter leer ken. En wil graag weet wie sy is.”

Maar agt maande later – op 2 Januarie vanjaar – het die boodskap van ’n vreemdeling op Facebook gekom: Sy ken Elaine – en hier is haar nommer.

“Joeg . . . Jy het nie ’n idee hoe my hart geklop het nie. Ek was opgewonde, ja, maar ook bang en senuweeagtig. Maar ek het besluit om al hierdie emosies opsy te skuif en eenvoudig net ’n oproep na die nommer te maak,” vertel Dwayne, wat sy vakleerlingskap in motorwerktuigkunde aflê.



Dwayne Henning (26) wat jare lank na sy ma gesoek het. Help ons om sy ma en pa weer te vind

Toe bel hy. En die eerste woorde? “Hallo, dis Dwayne. Ek is op soek na Elaine . . . Ek dink ek is haar seun.”

En aan die anderkant van die lyn bars Elaine in tranе uit toe sy hoor hoe haar nou volwasse seun beskryf wie hy is.

“Sy het verskriklik baie gehuil. ’n Ou kan dit nie help nie. Jy ervaar soveel dinge

gelyk: jy is geskok; jy wil huil; dis ongelooflik opwindend. Ek kon nie glo dat ek haar stem weer na soveel jaar hoor nie.”

Elaine en Dwayne se pa, wie se naam weerhou word, is bykans 25 jaar geleden uitmekaar.

Maar Dwayne vertel sy ontstuimige verhouding met sy pa het later jare ook weens onopgeloste kwessies tussen die twee verbrokkeld. Hulle het vyf jaar gelede kontak gehad. Daarteenoor beweer Elaine dat sy verskeie kere met Dwayne probeer kontak maak het. Maar vergeefs.

“Die belangrikste nou is nie meer wat gebeur het en hoekom ons so lank van mekaar weggehou is nie. Ek is nou dringend besig om geld te spaar sodat ek vir my ma kan gaan kuier. Dit gaan een van die grootste oomblikke in my lewe wees – een waarvoor ek so lank gewag het.”

Elaine woon in die Wes-Kaap.

“Ons gesels die heeltyd. Sy het nie WhatsApp nie; sy noem haarself te old fashioned daarvoor,” vertel hy en lag.

“Maar sy gebruik diefoon van my halfbroer, en dan stuur ons vir mekaar stemnotas. Ons is albei ongelooflik opgewonde om herenig te word. Vir die eerste keer gaan dit vir my voel of ek werklik ’n heel mens is.”

Bondsekretaris, Olivier Henning kon vinnig Dwaine se ma, Elaine in ‘n 1987 kieserslys opspoor, maar sy veertigjaar ondervinding van genealogiese navorsing was nie genoeg om Dwaine se pa op te spoor nie. As ons kontak met hom of sy ma kan maak, kan ons van daar af die pad vat om sy pa ook op te spoor. Ongelukkig is Huisgenoot, wat die beriggië gedra het, nie bereid om enige besonderhede wat hulle oor die twee het met ons te deel nie.

Een of ander tyd gaan ons hierdie geheim ontrafel. Ons hoop intussen dat iemand ons beriggië lees en een of al twee ken en ons dienooreenkomsdig verwittig.

Sterftees

a2.b1.c6.d3.e11.f4.g1. Cornelius Naude (noemnaam Naude) Henning *29-5-1941 is oorlede te Stilbaai op 3 Januarie 2020. Hy laat sy vrou, Johanna Adriana Christina (gebore Meets) en twee dogters, Sanchen en Annelie agter.

‘n Vriend het ons van Sanchen se E-Posadres voorsien – sy werk skynbaar by UNISA. Ons het kontak met haar probeer maak, maar sy het ongelukkig nie reageer op ons E-Pos brieue wat ons vir haar gestuur het nie. Ons weet slegs dat Naude ‘n tegnoloog en sy vrou Johanna ‘n verpleegster was en dat hulle na hulle aftrede te Stilbaai gevvestig het, waar hy die voorsteer van die plaaslike skietklub was.



**Cornelius Naude Henning
(noemnaam Naude) *29-5-1941 wat
op 3 Januarie 2020 te Stilbaai
oorlede is. As iemand kontak met
sy vrou of dogters het, laat weet
ons asseblief**

Geldsake

Baie dankie aan al die mense wat na die vorige nuusbrief gehoor gegee het aan ons oproep vir donasies aan die Familiebond. Die bydraes wat ons vanaf Februarie 2020 ontvang het maak dit vir die familiebond baie makliker om sy verpligteing na te kom.

Eerstens wil ons baie dankie sê aan daardie lede wat maandelikse bydraes lewer. **Dit is van onskatbare waarde en is werklik die ruggraat van die oorlewing van die familiebond. Hier verwys ons na:**

Mnr Jan Hendrik Henning van Glenstantia, Pretoria; Mev Gesina Spangenberg (gebore Henning) van Swakopmund, Namibië; Mev Runa van Straaten (gebore Henning) van Pretoriusspark, Pretoria, Past Antonie Henning van Wonderboom-Suid, Pretoria; Mnr Pieter Hendrik Henning van Durbanville.

Dan het ons ook donasies van die volgende lede ontvang. Onthou asseblief alle bydraes, hoe klein ookal, is ewe welkom. Elkeen besluit self hoeveel hy of sy kan bekostig en hoeveel hy of sy bereid is om te skenk.

- Mev Ena Henning, (Weduwe van Herman Henning) (lidnr 192) van Rietfontein, Pretoria en haar twee dogters, Marlize van der Westhuizen lid 252) en Lizette Henning (253) – R3 000.00 (R1000.00 elk)
- Mnr Willem Frederik Henning van Burgersdorp (lid 262) - R500.00
- Mev Marlene Page (gebore Henning) van Pietersburg (lid 100) – R300.00
- Mev JAD (Johanna) Henning van Doornpoort, Pretoria (lid 195) - R50.00

- Mnrr Jacobus Cornelius Henning van Bloemfontein (lid 113) - R400.00
- Mnrr Gert Frans Dempsey Henning van Petrusburg (lid 199) – 200.00
- Mnrr Marthinus Christoffel Henning van Welkom (lid 243)– R400.00

ALLE DONASIES KAN DIREK IN DIE HENNING FAMILIEBOND SE BANKREKENING GEDEPO-NEER WORD. Besonderhede is as volg:

FNB Villiersdorp (Tak 200 712), Lopende rekeningnr 6265 7601 483
Vermeld asseblief u lidnommer en/of voorletters en van as verwysing wie die deposito gemaak het

Henning Aandenkings

Ons henninner graag alle Hennings van die aandenkings wat ons nog in voorraad het. Ongelukkig is al die suikerlepels nou uitverkoop, maar ons het steeds voorraad van die volgende items: Teelepels, mansjetknope, lapelwaps, skryfblokke, Familiekroniek CD's.

Versendingskoste met Poskantoor geregistreerde pos is R45.00 as die pakkie minder as 1 kg weeg en dunner as 2cm is. Versending met Postnet is R99.00 vir 'n pakkie wat minder as 1 kg weeg.

Slegs die mansjetknope pas nie binne die 2 cm beperking van die poskantoor in nie en benodig 'n groter koevert. Die skryfblok moet ook in 'n groter koevert versend word.

Met Postnet kan 'n kombinasie van al hierdie items binne die 1 kg beperking ingepas word, wat op die ou end die goedkoopste, vinnigste en veiligste wyse van versending is.

Hoewel min mans nog mansjetknope dra, vertoon 'n stel

mansjetknope pragtig in 'n vertoonkas en kan later 'n mooi, trots erfstuk word, want ons beplan nie om weer mansjetknope te laat vervaardig nie.

Ses goue Henning teelepels en 'n lapelwapentjie kan ook trots vertoon word.

'n Henning familiekroniek is ook 'n noodaanklikheid in enige Henning huis en teen slegs R125.00 is dit werklik 'n winkoop.

Pryse is as volg, soos ook op die foto hiernaas en kan in die rekening van die familiebond (in rooi hier onder en langsaan) inbetaal word.



1. Henning CD – R125.00
2. Skryfblokke (50 bladsye) R30.00
3. Suikerlepels – uitverkoop
4. Lapelwapen – R30.00
5. Teelepels – R50.00
6. Mansjetknope – R100.00

Besonderhede van die Familiebond bankrekening:

FNB Villiersdorp (Tak 200 712), Lopende rekeningnr 6265 7601 483

Vermeld asseblief u lidnommer en/of voorletters en van as verwysing wie die deposito gemaak het